

Die Leipoldt

NUUSBLAD

So onthou ons...



Tannie Kittie Visser

Soos onthou deur Tannie Kittie Visser, 93 jaar oud.

Die Jagtog (1953)

Ds. Maas, oom Gert Louw, oom Pieter Laubscher en nog 'n paar boere het by Holbak, naby Doringbaai, gaan duikers jag. Ds. Maas was Leipoldville Gemeente se negende predikant vanaf 12 Februarie 1949 tot 5 September 1953.

Dit word vertel dat die vyebosse so ruig en hoog was, dat hul nie die duikers kon sien nie, maar net kon hoor hoe die bosse kraak as die bok tussen die bosse uitspring. Dan moes jy daar skiet waar die bosse kraak en hoop dat dit raak is.

By die jagveld aangekom, sê oom Pieter vir ds. Maas dat hy hom moet verskoon, want hy wil alleen jag, want sy oorlede pa het altyd vir hom gesê "Pieter jy neuk altyd eenkant toe soos 'n koei wat wil kalwe".

Toe is dit net ds. Maas, oom Gert en nog twee manne wat saamstap.

Hoe dit dan ook gekom het dat ds. Maas aan die voorkant van oom Gert gekom het, sal mens nou ook nie weet nie, maar die bosse kraak soos ds. Maas beur om deur te kom. Oom Gert hoor die bosse kraak en dink, nou is dit sy kans en laat loop met die geweer. Hy skiet vir ds. Maas reg van voor. Toe is die jag oor en hulle moet na dr. Retief op Lambertsbaai jaag, sodat hy die haelkorrels kan uitsny.

Oom Gert was baie verleë en jammer ná die ongeluk. Ds. Maas kry toe 'n beroep na Vredendal en neem dit aan. Oom Gert word toe omtrent gespot, dat hy die predikant uit die gemeente "weggeskiet" het.

Huisbesoek

Maans Louw, 'n seremoniemeester van baie jare gelede, het eenmaal vertel van die predikant wat op die platteland huisbesoek gedoen het. Die boere was baie vrygewig en het dan altyd vrugte en groente in sy motor se katebak gesit. Dit was baie lekker vir die predikant om tussen die boere huisbesoek te doen.

Toe hy weer in die stad is en daar huisbesoek doen, vra die predikant soos ouder gewoonte vir Jonas, sy regterhand, ná 'n huisbesoek, om te gaan kyk wat in die motor se katebak is. Jonas kom toe asvaal terug en sê: "die pampoen hy is nie, die aartappels hy is nie, die jack en spaarwiel is ook nie ..."

IN HIERDIE UITGAWE

Namakwaland uit God se hand	2
Uit die Pen van Ds Hennie Inwyding van aanbouings	3,4
	4
Leipoldt Kuierfees	5,6
Nedine Blom	7
Amore	8
Deon Terblanche	9
Wynand Strydom en Cherree Ses Snae	10
	11
Andries Vermeulen Fiësta	12
	13
Wes - Boland Eisteddfod Jongspan	14
Om met hoop te leef	15
Advertensies	16
Advertensies	17
Ten Slotte	18

Namakwaland uit God se hand.

Uit die dorre Karoo en koue Namakwaland
groeï geldjiesbos, porselein en purperwinde
Alles 'n blomme-belewenis uit God se hand

Rondom Kliprand en die Bokkeveldberge
lê die Sandveld, Rigtersveld en Knersvlakte
Hier sien ons die kroon van God se hande-werke

Op die Cederberge se hoogste pieke
is die skuilplek van die sneeuproteas
Daar fluit rietjies op die wind se wieke

Piempiepies roer rustig teen die
berghange
Adelaarsvaring is welig langs die
woudrande
Al die mooi bring 'n blos na my koue wange

Namakwa is so nja met sy pietsnotjie en Hotnots vy
Waar die muishondbos en dassiegousblom bure is
en neukbos en slymbos langs die kappie
blomme vry.

Die beetle daisies staan tussen die pêpêgras
en daar is sambreeltjies langs die fluitjiesbos
Alles sulke lekker name wat die Nama-volk pas

Karriedoring, gifappeltjies en koggelmandervoet
wedywer met ramshorinkie, perde-uintjie en

kooigoed soetsopbos en knikkerkopsuikerbos
klink so soet

Die pronktulpies wuif in die winterwind
en Namakwasterretjie met haar songeelgesiggie
kan van tien tot drie uitspattig lag nes 'n kind

Die slanke bene van die toe-toe-uintjie
wat swewend dans in die winter-wind
loerskelmpies en skaam uit agter 'n duintjie

Kwasgras, vingerhoedjiegas en muskusgras
Kanetpol, bokkool en jeukbos
Alles daar om jou en my te verras

Die diep bloedrooi van die perdespook
Word ook genoem die koningskandelaar
en oor die rante is die mis soos rook

Gedink dat die veelsydige koekemakranka
- 'n sêding uit my kinderdae
Familie kan wees van die vlesige maranka

Staan jy op 'n afstand jou en verlustig
'n blommefees wat jy net kan waardeer
as jy eers deur die dor van die Karoo is.

-Alfie -



Uit die pen van Ds. Hennie de Kock ...

Dankbaarheid: Vreugde of Geluk

Skriflesing: Dit sê ek vir julle sodat My blydschap in julle kan wees en julle blydschap volkome kan wees". (Joh 15:11) "Wees altyddeur bly." (1 Tes 5:16) "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." (Gal 5:22)

Ons leef in 'n tyd waarin die strewe na geluk die hoogste doel is. Die mensdom wil gelukkig wees; trouens, ons glo ons het die reg op geluk, ons verdien om gelukkig te wees. Dit is ons doel en ons doen alles in ons vermoë om geluk na te streef.

Geluk

Geluk kom van my gevoelens, my emosies, af. Dit is waarom geluk, nes my emosies, kom en gaan. Dit hang af van iets wat moet gebeur om my op te lig. En as dit nie gebeur nie, is ek nie gelukkig nie. Geluk is daarom tydelik, oppervlakkig, dit gaan oor die hier en nou. Dit is ook buite myself – dinge en omstandighede maak my gelukkig (of ongelukkig). Geluk is ook selfgesentreerd terwyl dankbaarheid altyd vir iemand of iets is. As ons na geluk strewe, gaan dit 'n "roller coaster" rit wees en dit gaan kort-termyn wees. Die omgekeerde van geluk is nie ongelukkigheid nie maar onvergenoegtheid. Omdat geluk kom en gaan, omdat dit nooit genoeg is nie, omdat dit kan skeefloop, laat dit my onbevredig, ontevrede en misrabel voel.

Blydschap:

Blydschap is dankbaarheid wat in vreugde geleef word. Die Bybel praat van blydschap en nie geluk nie. Blydschap is iets heeltemal anders as geluk.

Jesus sê: "Dit sê ek vir julle sodat My blydschap in julle kan wees en julle blydschap volkome kan wees" (Joh 15:11) Hoor jy die drie beloftes hierin?

1. Dit is Jesus se blydschap. Die blydschap wat ons in Jesus vind is nie mensgemaak nie, dit is God gemaak, dit kom van God af. Dit is Sy eie blydschap wat Hy ons uitnooi om in te deel – dit is hemelse blydschap! Dit is ewige blydschap en dit vat ons na 'n ander vlak toe.

2. In Jesus sal ons blydschap volkome wees – volledig, volmaak, ons sal niks verder nodig hê nie. Buite Jesus kan niks ons blydschap gee nie; kan ons nie dankbaar wees nie. Slegs in Christus kan ons volkome versadig en tevrede wees. Maar ook, ons blydschap sal blywend wees. Dit is vir altyd, dit hang nie af van ons gevoelens nie, dit kom en gaan nie. Dit beteken ook niks en niemand kan ons blydschap wegvat nie – nie die lyding, verwerping, hartseer, of enige ander swaarkry van hierdie wêreld nie.

Hy het dit alles self verduur ter wille van die vreugde wat sou kom (Heb 12:1, 2). Dit is waarom ons altyd bly kan wees. "Wees altyddeur bly." (1 Tes 5:16).

Daar is ander verskille tussen geluk en blydschap.

Blydschap kom van binne.



Omdat Jesus in my woon (Gal 2:20), en Hy die bron van my blydschap is, is my blydschap hier binne-in my. "By U is daar oorstroomende blydschap." "In His presence is fullness of joy" (Ps 16:11). Ek hoef nie my vreugde iewers van buite af te kry nie. My vreugde hang nie af van wat rondom my gebeur nie. Dit is waarom ek bly kan wees selfs in, en ten spyte van, my lyding en swaarkry.

Blydschap kom deur kennis.

Ek weet Jesus is my Verlosser, dat Hy my liefhet, dat Hy in my woon; ek weet my sondes is vergewe, en daarom is ek bly. Dit gaan nie oor wat ek voel nie, maar oor wat ek weet. En wat ek weet kan nooit van my af weggevat word nie.

Blydschap is vir ons almal bedoel.

Jesus belof: "Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees" (Joh 16:24). Hy het nie gesê, sodat sommige van julle my blydschap kan ontvang nie. Dit is vir al sy volgelinge, ook vir my en vir jou.

Blydschap gaan oor dankbaarheid.

Ek is so dankbaar vir wat God vir my gedoen het, vir sy teenwoordigheid in my lewe, vir sy liefde en sy sorg, dat dit my met ewige blydschap volmaak. Want U het my bly gemaak, HERE, deur u dade; ek jubel oor die werke van u hande." (Ps 92:4).

Uit die pen van Ds Hennie vervolg ..

Blydschap kyk na buite.

Ware vreugde gaan nie oor my nie. Dit gaan daaroor om God te dien, en deur ander te dien, aan Hom al die eer te bring. Blydschap gaan nie oor wat ek kan kry nie, maar oor wat ek kan gee. Hoe meer ek my lewe deel, hoe meer ek uitdeel wat ek het (gawes, talente, tyd, getuienis, besittings), hoe meer blydschap sal ek hê. En ook, hoe meer ek God gehoorsaam, hoe meer blydschap sal ek hê. Alles om God te verheerlik.

Blydschap kyk op en verby

Wys my waarop jy fokus en ek sê vir jou waarin jy glo. In geloof, fokus die blymoedige mens op God as die Begin en die Einde, die Een wat ons dae in sy hand hou. Ons vertrou God se voorsiening onvoorwaardelik. Ons omhels God se beloftes en fokus op die ewigheid wat vir ons wag. Blydschap laat ons nie struikel oor omstandighede of die swaarkry van die lewe nie, ons kyk na die einddoel, ons ware bestemming, en verheug ons daaroor (Hebr 11:13). "Ons verheug ons in die hoop om in God se heerlijkheid te deel" (Rom 5:2). Ons weet dat alles ten goede vir ons sal meewerk (Rom 8:28), en ons is selfs bly oor die swaarkry, omdat ons weet dat dit volharding, karakter en hoop in ons werk (Rom 5:3-4, Jak 1:2). Ons is dankbaar omdat ons weet ons beloning is in die hemel (Mat 5:11-12). Daarom gee blydschap ons krag

vir die reis wat voorlê.

Wees dan nie bedroef nie, want die blydschap in die HERE—dit is julle beskutting." Neh 8:10.

Blydschap groei

Vreugde is 'n vrug van die Gees (Gal 5:22), en hoe meer ons groei en die beeld van Jesus aanneem, hoe meer vrugte dra ons en hoe meer word ons vreugde en dankbaarheid. Ek hoef nie te dink, "ek het so min blydschap, arme ek", nie. Ek kan daarna uitsien om meer blydschap te ontvang! Hoe meer ek my lewe aan Jesus oorgee, hoe meer ek in Hom bly (Joh 15:4), hoe meer sal Hy my vul met sy blydschap! Het jy hierdie blydschap?

Dit is Jesus se wens vir jou, sy belofte aan jou – dat Sy blydschap in jou sal wees en dat jou blydschap volkome sal wees. Lê jou twyfel, jou swaarkry, jou fokus op die dinge van die wêreld wat net tydelike geluk bring af, en vat Jesus se blydschap vandag vir jou.

Onthou altyd: Happiness is the result of many once-off Happenings AND Joy is the fruit of a one & only relationship with JESUS

Inwyding van die nuwe aanbouings.

Op Sondag 2 Augustus 2015 is die nuwe aanbouings by die Kerksaal amptelik ingewy.

Ds. Hennie de Kock het die geleentheid met gebed ge-open. Niekie Visser en Henk van Zyl, wat die projek bestuur het, het die lint gesny en toe kon die gebou besigtig word.

Baie dankie aan CPL, al die lidmate en borge wat tot die projek bygedra het. Ons spog nou met twee klaskamers, drie kledkamers en 'n groot stoep.



Leipoldt Kuierfees

Op Saterdag 8 Augustus 2015 het ongeveer 967 mense Leipoldtville vir die jaarlikse Leipoldt Kuierfees bygewoon. Vanjaar kon ons hierdie unieke, plattelandse familiefees se tiende bestaansjaar vier en dit was, soos elke jaar, 'n groot makietie.



Die oggend het afgeskop met tien van die Gemeente se oudste lidmate wat fakkels vanaf die oudste gebou op die dorp tot voor die markiestent gedra het. Hier het ds. Hennie de Kock die Kuierfees op 'n spesiale wyse geopen. Raffealla Basson en Elsabe Carstens het die groot fakkel aan die brand gestee, balonne is die lug ingestuur en die makietie het begin.



'n Paar Harley-Davidson motorfietse het ons ook kom besoek.



Andries Vermeulen het die opveil van artikels, produkte en skape en vele meer behartig en dit was 'n groot hoogtepunt op die program.

Terwyl die feesgangers voete in die sand gesit en gebakte brood, roosterkoeke, potjiekos, Weskus-paella, braaivleis en nog al wat lekker is geëet het, het die kunstenaars met die vermaak begin.

Leipoldt Kuierfees(vervolg)



Die Christelike Privaatskool Leipoldtville se personeel en ouers het die kinders met pret-aktiwiteite en perderitte besig gehou.

Nedine Blom het die ouers en kinders met haar borrelende energie vermaak.



Die lieflike swartkop Amoré, met haar pragtige stem, is deur 'n nuweling, Deon Terblanche, gevolg.

Wynand en Chereé, wat al 'n paar keer deel van die Kuierfees was, het die tiende herdenking met hulle wonderlike talent vermaak.



Andries Vermeulen was op sy stukke met sy stories en sang. Die feesgangers het gelê soos hulle vir sy verhaaltjies gelag het.

Die hoogtepunt van die aand was toe ons met die Ses Snare kon afsluit. Dit was wonderlik om die ses manne saam op hulle kitare te sien speel en toe hulle eers begin sing, het Leipoldtville se feesgangers uit volle bors saamgesing!



In die soel nag ná die Ses Snare se vertoning het die gaste huiswaarts gekeer.



Sondagoggend het ds. Hennie de Kock met 'n baie gepaste Erediens die feesnaweek afgesluit. Alle eer aan ons Hemelse Vader vir nog 'n baie suksesvolle Leipoldt Kuierfees.



Baie dankie aan al die borge en aan elkeen wat tot die groot sukses van ons 10de Leipoldt Kuierfees bygedra het.



Nedine Blom



Hanri van Zyl, Nedine Blom en Anke van Zyl

Hanri en Anke van Zyl het die vriendelike en supercool Neline Blom, ná haar optrede by die Leipoldt Kuierfees, 'n paar vrae gevra:

1. Was jy al ooit voorheen in Leipoldtville?

Dit is my eerste dag in Leipoldtville. "Great" mense, ek voel tuis.

2. Op watter plek het jy grootgeword?

Bloemfontein gebore, Koffiefontein kleuterjare, Pretoria laerskool, Bronkhorstspuit Hoër-

skool, studeer by Tuks regte en daarna my tweede regsgraad deur UNISA. Ek is tans besig met my Meestersgraad in Internasionale Reg aan die Universiteit van Johannesburg met "Human Trafficking" as tesis.

3. Waar woon jy tans? Melkbosstrand, die heel mooiste plek op aarde.

4. Wie was jou rolmodel of "Idol" toe jy 'n kind was? Richard van der Westhuizen en Laurika Rauch.

5. Op watter ouderdom het jy met jou musiek/sangloopbaan begin? Gedurende my skooljare was ek betrokke by koor en revue en ek het professioneel met musiek begin op ouderdom 24.



6. Is daar hoogtepunte in jou musiekloopbaan wat jy met ons kan deel?

Die pad van 'n onafhanklike kunstenaar is vol uitdagings. Ek het aanvanklik as sanger vir volwasse gehore begin, maar het gedurende 2007/2008 drome gekry waar ek saam met kinders in treine, vliegtuie, spoedbote, ruimtetuie, ens. reis. Dit was baie herhalend en ek het letterlik elke oggend wakker geword en vir Bertie, my man, van hierdie drome wat die Here in die nag vir my gee, vertel. Ek het 'n profetiese droomboek gaan koop en my drome begin dokumenteer. Toe eers het ek beseft dat die Here my in kinders se lewens wou gebruik. Ek het baie gebed en gevra wat die Here vir my wou wys. Hy het die liedjies een-een vir my begin stuur: I-pod, Bubblegum, Popcorn, ens. Dit was regtig ongelooflik. Ek was net 'n instrument. Nadat ons by 'n hele klomp plate-maatskappye was, wat gevoel het Supercool gaan nie vir die Suid-Afrikaanse mark werk nie, het ek en Bertie besluit om Supercool self te finansier. Nou ja, ons het vas gestaan, bly glo in die droom en Supercool het gedurende 2009 en 2010 die Suid-Afrikaanse musiektoekennings vir beste Afrikaanse Kinder CD ingepalm. Dit was gewis 'n groot hoogtepunt. Nog 'n hoogtepunt was toe ek gedurende 2007 deur die Kulturele Premier van Antwerpen genaderis om in Europa te gaan toer. Hy was gaande oor my poëtiese Afrikaanse liedjies vir die volwasse mark en het vir my 'n wonderlike toer in België gereël.

7. Hoe ervaar jy die Leipoldt Kuierfees of wat is vir jou spesiaal/uniek van die fees? Dit voel of mens tuis hoort hier, almal voel soos familie, dit voel soos by jou Ma se huis. Mense is hier om saam te kuier met familie en vriende en om die kerk te ondersteun, dis vir my wonderlik om te sien gemeenskappe ondersteun nog die kerk.

8. Met watter (een) woord sal jy die fees kan opsom? Makietie (Voorwaar awesome).

Gaan loer gerus by Nedine Blom se aanlyn winkel: www.nedineblom.co.za



www.amore.co.za

Amoré sing al vandat sy jonk was en na al die jare se harde werk aan haar musiekloopbaan ry sy as jong vrou alleen SA plat om haar musiek vir mense te bring.

Amoré

Amoré doen verskeie optredes wat wissel van feeste, troues, danse, oggend funksies en mode-parades van die Kaap tot in Limpopo.

BESPREKINGS / NAVRAE

076 750 8986

bespreek@amore.co.za



Amoré Sangeres

Amoré Rudman Sangeres Twee



@amoresangeres

www.amore.co.za

Anja Nieuwoudt en Nina Visser het, na Amoré se optrede op 8 Augustus 2015, by die Leipoldt Kuierfees, 'n paar vrae aan haar gevra:

1. Was jy al ooit voorheen in Leipoltdville of is vandag die eerste keer? Ek was al voorheen hier, vandag was my 3de keer.

2. Op watter plek het jy grootgeword? In Welgelegen, in die Kaap.

3. Waar woon jy tans? In Durbanville.

4. Wie was jou rolmodel of "Idol" toe jy 'n kind was? My oupa. Hy het kitaar, konsertina, trekklavier en mondfluitjie gespeel.

5. Op watter ouderdom het jy met jou musiek/sangloopbaan begin? Toe ek 11 jaar oud was, het ek sanglesse by Chereé gehad, wat toe 19 jaar oud was.


6. Is daar 'n hoogtepunt in jou musiekloopbaan wat jy met ons kan deel? My nuwe Bonnie Tyler Tribute Album. Dis 'n 15-snit Album wat deur Wynand en Cheree in hul ateljee opgeneem is. Die vrystelling is eersdaags. Die Album se naam is: Amoré sing BonnieTyler.

7. Hoe ervaar jy die Leipoldt Kuierfees of wat is vir jou spesiaal/uniek van die fees? Die mense is bitter spesiaal hier, in die Kaap kry mens nie dieselfde nie.

8. Met watter (een) woord sal jy die fees kan opsom? Passievol (Hierdie mense het 'n ander tipe passie vir samesyn).



Anja Nieuwoudt, Amoré en Nina Visser



Lara en Nina Visser het, na Deon Terblanche se optrede by die Leipoldt Kuierfees, vir hom 'n paar vrae gevra:

1. Was jy al ooit voorheen in Leipoldtville of is vandag die eerste keer? Ek het die fees al 'n paar keer, as toeskouer bygewoon, maar vanjaar is die eerste keer dat ek hier optree.
2. Op watter plek het jy grootgeword? Weskus
3. Waar woon jy tans? Saldanha
4. Wie was jou rolmodel of "Idol" toe jy 'n kind was? Ek het nie 'n spesifieke rolmodel gehad nie, maar kon iets by almal leer wat ek teëgekom het.
5. Op watter ouderdom het jy met jou musiek-/sangloopbaan begin? Op 19 jaar. Nou 4 jaar in die musiekbedryf.
6. Is daar 'n hoogtepunt in jou musiekloopbaan wat jy met ons kan deel? Elke optrede is 'n hoogtepunt.
7. Hoe ervaar jy die Leipoldt Kuierfees of wat is vir jou spesiaal/uniiek van die fees? 'n Verskriklike lekker fees om by te woon, die mense is plat op die aarde en baie vriendelik.
8. Met watter (een) woord sal jy die fees kan opsom? Pret!



Lara Visser, Deon Terblanche en Nina Visser

www.deon-terblanche.co.za

Deon Terblanche

BESPREKINGS / NAVRAE

Wynand 076 750 8986

wynand@wynandstrydom.co.za



Wynand en Chereé

Wynand Strydom FanPage

Chereé Fanpage



@wynandstrydom

@chereestrydom



Anja Nieuwoudt en Carla O'Connell het, nadat Wynand en Chereé by die Leipoldt Kuierfees opgetree het op 8 Augustus 2015, vir hulle 'n paar vrae gevra:

1. Was julle al ooit voorheen in Leipoldtville of is vandag die eerste keer?

Chereé: Dit is my vierde keer op Leipoldtville. Wynand: Dit is my tweede keer.

2. Waar het julle groot geword? Chereé: Ek is 'n Kapenaar. Wynand: Pretoria 30 jaar.

3. Waar woon julle tans? Chereé en Wynand: Langebaan

4. Watter kunstenaar was julle rolmodel of "Idol" toe julle kinders was?

Chereé: Mamma's en Pappa's, Carpenters, Country sangeresse soos Patsy Cline. Wynand: Koos du Plessis

5. Op watter ouderdom het julle met julle musiek-/sangloopbane begin?

Chereé: Van 9-jarige ouderdom, 10-jarige ouderdom in groepies opgetree. Wynand: Onderwys gegee by Laerskool Pretoria, Aardrykskunde, nou 10 jaar voltyds met musiekloopbaan besig.

6. Is daar 'n hoogtepunt in julle musiekloopbane wat julle met ons kan deel?

Chereé: Op Aardklop 2013 saam met Toni Wille van Pussycats gesing. Wynand: Aardklop 2014 die voorprogram vir Albert Hammond gedoen.

7. Hoe ervaar julle die Leipoldt Kuierfees of wat is vir julle spesiaal/uniek van die fees?

Chereé: Die mense is gesellig, die fees is baie uniek en plat op die aarde, dis net 'n "beautiful Weskus-fees. Wynand: Ditto



8. Met watter woord sal julle die fees kan opsom? Wynand: Warm-ontvanklik. Chereé: Ditto

Anja Nieuwoudt, Chereé, Wynand Strydom en Carla O'Connell



Ses Snare



Arlene Visser en Carla O'Connell het, na die Ses Snare se optrede by die Leipoldt Kuierfees, aan hulle 'n paar vrae gevra:

1. Was jy al ooit voorheen in

Leipoldtdville of is vandag die eerste keer? Thean Kotze: Ek was nog nie voorheen hier nie, dit is baie lekker, ek sal beslis weer na die fees toe kom.

2. Op watter plek het jy grootgeword?

Pieter Smith: Potchefstroom.

3. Waar woon jy tans?


MD Greyling: Pretoria.

4. Wie was jou rolmodel of "Idol" toe jy 'n kind was?

Blacky Swart: My pa, hy was 'n musikant.

5. Op watter ouderdom het jy met jou musiek-/

sangloopbaan begin? Peter Hoven: Op 6/7 jaar het ek begin om kitaar te speel.



GZ PRODUCTIONS Giep van Zyl

083 268 2570 giep@artslink.co.za

6. Is daar 'n hoogtepunt in jou musiekloopbaan wat jy met ons kan deel? Leon Ecoignard: My hoogtepunt was om saam met Laurika Rauch se orkes voor 'n stampvol Albert Hall gehoor in London te speel. Jan Beukes, een van die ander lede van die orkes, wat een van SA se top perkussiespelers is, het vir Sting nee gesê om op sy SA-toer te speel, omdat hy reeds vir Laurika Rauch bespreek was.

7. Hoe ervaar jy die Leipoldt Kuierfees of wat is vir jou spesi-aal/uniek van die fees?

Thean Kotze: Heerlik - mooi plek

Pieter Smith: Dit sê nogal baie van so 'n klein dorpie om so baie mense te kry wat die fees bywoon.

MD Greyling: Vriendelike verwelkoming.

Blacky Swart: Dit is 'n groot pluspunt dat daar nie afgeskeep word met die kwaliteit van die klank nie.

Peter Hoven: 'n Kennis van my skooljare is getroud met iemand wat van Leipoldtdville afkomstig is en ek is bly om te sien waar dit is.

Leon Ecoignard: Klank en ondersteuning in die tent is baie goed. Sense of community.

8. Met watter (een) woord sal jy die fees kan opsom?

Thean Kotze: Besielend

Pieter Smith: Weskus-lekker

MD Greyling: Uitmuntend

Blacky Swart: Sielsverrykend

Peter Hoven: "Homey" (Voel tuis en ontspanne hier)

Leon Ecoignard: Kleurverskeurend-lekker



Agter: Arlene Visser, Carla O'Connell, Blacky Swart, MD Greyling, Leon Ecoignard.

Voor: Thean Kotze, Pieter Smith, Peter Hoven,



Andries Vermeulen het as seremoniemeester opgetree, gesing en ook die opveel van artikels by die Leipoldt Kuierfees behartig. Lara en Arlene Visser het vir Andries 'n paar vrae gevra:

1. Was jy al ooit voorheen in Leipoldtville of is vandag die eerste keer? Dis my derde keer by die Leipoldt Kuierfees.
2. Op watter plek het jy grootgeword? Redelinghuys
3. Waar woon jy tans? Ek woon nou al 3 jaar in Bloemfontein.
4. Wie was jou rolmodel of "Idol" toe jy 'n kind was? My oupa en pa het altyd stories vertel en Tolla van der Merwe was 'n groot rolmodel vir my.
5. Op watter ouderdom het jy met jou musiek-/sangloopbaan begin? Op 14-jarige ouderdom.
6. Is daar 'n hoogtepunt in jou musiekloopbaan wat jy met ons kan deel? Ek is al vir 'n SAMA toekenning benoem, dit is een van die hoogste toekennings wat jy in die musiekbedryf kan ontvang. Ek is ook al vantevore vir 'n



Huisgenoot Tempo toekenning benoem. Ek het ook 'n Fiësta beste TV-aanbieder benoeming gehad. Op my nuwe CD, "KÔ LAG 'N BIETJIE" het bekendes soos Steve Hofmeyr, Elvis Blue en die Campbells aan die musiek help skryf.

7. Hoe ervaar jy die Leipoldt Kuierfees of wat is vir jou spesiaal/uniek van die fees? Dis 'n heerlike kontrei saamtrek.
8. Met watter (een) woord sal jy die fees kan opsom? Sandveld-Hoogtepunt!

Lara Visser, Andries Vermeulen en Arlene Visser

Fiësta was vanjaar by die Leipoldt Kuierfees!

Fiësta is sinoniem met feeste in ons land, asook buurlande soos Namibië. Fiësta besoek weekliks 'n ander fees en sodoende word daar dwarsdeur die land gekuier en sommer ook interessante plekke na die sitkamers van kykers gebring. Groot feeste soos die ABSA KKNK, Clover Aardklop en Innibos word jaarliks besoek. Wat Fiësta verder uniek maak is die feit dat daar elke week 'n ander aanbieder is. Die aanbieders is gewoonlik bekende sangers of akteurs wat by die feeste optree. By vanjaar se Leipoldt Kuierfees was Andries Vermeulen die aanbieder.



Andy Freeman (Kameraman, Fiësta, KykNET en Martin van der Merwe (Kamera Assistent) was op 8 Augustus 2015 by die Leipoldt Kuierfees. Dit was vir my 'n groot voorreg en baie pret om aan die Fiësta-span 'n paar vrae te vra.

- 1. Was jy al ooit voorheen in Leipoldtdville of is vandag die eerste keer?** Andy: Ek was 6 jaar terug by die fees gewees. Martin: Ek was 3 jaar terug hier en het by die Cape Robin oorgebly.
- 2. Op watter plek het jy grootgeword?** Andy: Bloemfontein Martin: Wellington
- 3. Waar woon jy tans?** Andy: Vishoek Martin: Paarl
- 4. Wie was jou rolmodel of "Idol" toe jy 'n kind was?** Andy: Jimmy Page, Eric Clapton en verskeie ander kunstenaars. Martin: Hansie Cronjé.
- 5. Is daar 'n hoogtepunt wat jy met ons kan deel?** Andy: Die verfilming van World Life Fund en die Mej Wêreld in Indonesië. Martin: Toe ek met my "awesome" vrou getroud is.
- 6. Hoe ervaar jy die Leipoldt Kuierfees of wat is vir jou spesiaal/uniek van die fees?** Andy: Die gasvryheid van die mense. Uniek, voel soos familie, mense werk almal hard om die fees 'n sukses te maak. Elsabe is uitmuntend. Ongelooflike samewerking, die warmte van die mense is lekker om te ervaar. Martin: Almal praat goed van die kerk en omgewing. Die hartlikheid en warmte van die mense, Rina Theron wat ons gehuisves het en haar passie vir die Sandveld. Hugo en Hentie Louw is tops en is baie goeie ambassadeurs.
- 7. Met watter woord sal jy die fees kan opsom?** Andy: Liefdevollesamesyn Martin: Familiefes (Die beeld na buite is dié van 'n ongelooflike samehorigheid, ek was aangenaam verras)

Andy Freeman, Karien O'Connell en Martin van der Merwe

Met die Christelike Privaatskool Leipoldville se eerste jaar van deelname aan die Eisteddfod, stap Juffrou Lezandri Louw se Graad R-blomme (Ammi van Zyl, Marzaan van Zyl, Jolanda Laubscher en Sanika Enderstein) almal weg met goud in Afrikaans: eerste taal.

Mischa Jacobs (Graad 1) sê nie net haar ABC's al mooi op nie, maar ook 'n gediggie waarmee sy op 6 Augustus brons lossaan vir Afrikaans: eerste taal. Chris-Jan de Flamingh (Graad 2) verwerf 'n brons in Afrikaans: eerste taal en ons eie Engelse mejuffrou, Rebecca Robertson (Graad 3), behaal op 5 Augustus 'n silwer toekenning in Engels: eerste taal.

Laaste, maar nie die minste nie, behaal Amanda Koli (Graad 4) op 26 Augustus brons in Engels: tweede taal en Anke Victor (Graad 4) 'n skitterende silwer vir Afrikaans: eerste taal.

'n Spesiale dankie en applous aan mev. Anne Laubscher, wat ons kinders so mooi opgelei het!



Toe skop ons Sandveld-kindens stof op by Wes-Boland Eisteddfod op 25 Augustus 2015!

Nerine en JG Visser, leerders van Augsburg Landbou Gimnasium het uitmuntende prestasies behaal.

Nerine Visser (Gr 5)

Afrikaanse Voordrag - Goud

JG Visser (Gr3)

Onvoorbereide lees - Goud (Hy het teen Gr 4's deelgeneem en die beste in die groep gevaar)

Engelse Voordrag - Cum Laude (hoogste % in groep)

Afrikaanse Voordrag - Cum Laude (hoogste % in groep)

Bo Regs: JG Visser Graad 3, van Augsburg Landbou Gimnasium

Onder Regs: Nerine Visser Graad 5 van Augsburg Landbou Gimnasium.

Links: Die trotse presteerders van Christelike Privaatskool Leipoldville.



Jongspan

THE LORD IS MY SHEPHERD
I SHALL NOT WANT

HE MAKES ME LIE DOWN IN
GREEN PASTURES

HE LEADS ME BESIDE
STILL WATERS



HE RESTORES MY SOUL
PSALM 23:1-3

Psalm 23: Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my in groen weivelde rus. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag.

Die Here is altyd daar en Hy sal jou ook help deur die toetsreeks wat voorlê.

Nerine Visser Gr5

Om met Hoop te leef.

Met hoop kan jy kaalvoet loop. Want met hoop brand die vlam van moed soos dagbreek op jou toekoms-horison.

Soms is dit woestyn in ons lewe. Dis asof droogte in ons hart intrek, moegheid ons oorval en die toekoms uitsigloos voor ons lê. Dis dan wanneer ons soos Elia in die woestyn vir God wil sê: "Here, die lewe maak net nie meer sin nie". (1 Kron 19:4 Die Boodskap)

Droogtetye is nie altyd lekker nie; tog is dit juis in die tye wanneer God - meer as ooit - kans kry om op 'n dieper vlak met ons te werk. Wanneer ons hart van aardse weelde gestroop is, kry die Gees kans om die kors van ons selfvondaanheid om te ploeg en nuwe lewe te plant. En, in die tye wanneer ons op moedverloor se vlakke sit, kan ons met groter ontvanklikheid hoor hoe omvangryk God se liefdestrou is.


Woestyntye is die tyd om te onthou hoe betyds God se manna en kwartels nog altyd in jou lewe was - ook - dat jou Vader jou nooit op 'n stuk pad sal neem sonder om self saam met jou te gaan nie. Hy is - juis in donker tye - die lewensgetroue Vuurkolom voor jou. Bid in sulke tye dat God aan jou hoop sal gee.

Mag jy, met jou oog gevestig op jou Vader, elke tree van jou lewensreis die krag kry om kaalvoet te bly hoop!

Siel van 'n vrou - Milanie Vosloo

Advertensies

Custom Canvas Canopies Wes-Kaap



Boere, kampeerdere, 4 x 4 entoesiaste of enige iemand met 'n bakkie, boot of sleepwa . Kontak ons vir 'n aluminium raam met of sonder 'n seil. Aluminium is lig, sterk, roesvry en bekostigbaar.

Ons doen ook sonskerms van seil (awnings) en ander aluminium -sweiswerk.

Kom maak gerus 'n draai by ons in Kerklaan 17, Velddrif

Jaap & Rix Botha

082 803 3739

079 707 3266

KAAPSTAD VARS PRODUKTE MARK

110 Gunners Circle
EPPING 1
7475
GPS Koördinate : -33° 55' 51.49, +18° 31' 50.34



Posbus 273, EPPINDUST, 7475

TEL : 021-531-2097 / 8

FAKS : 021-531-2189

EPOS : aneneg@rsa.co.za
capetown@rsa.co.za



RSA Markagente
op Kaapstad
Varsproduktemark

The Profreshionals®
Bestuurder : Geo Van Zyl (082-778-7111)

Gesoek:

Om te huur

Tweeslaapkamer-woning in
Lambertsbaai

Ronel 079 872 4643



THE BENCHMARK IN SEED POTATOES

Van Zyl du Toit

cell: [+27\(0\) 82 316 2839](tel:+27(0)823162839)

vanzyl@wesgrow.co.za

tel: [+27\(0\)53 441 2241](tel:+27(0)534412241)

fax: [+27\(0\)86 759 2796](tel:+27(0)867592796)

private bag 507, christiana, 2680
south africa

www.wesgrow.co.za

ADVERTENSIES

Kofi-Kaya

Leipoldtville



Anita Lalor 083 452 6796

Vakante Pos

Skriba Leipoldtville Gemeente

Kontak

Ds. Hennie de Kock 083 263 0099

Elsabe Carstens 083 225 6536

Kerkkantoor 027 412 2844

Sluitingsdatum: 25 September 2015

Epos: ngkleipoldtville@mylan.co.za

Erf te koop

R350 000-00

Graafwater

8533m2

Skakel Henk van Zyl vir inligting

083 260 5669

Gesoek: Pos as Plaasbestuurder

Jaco Smit

027-432 2044 of 084 966 7347



Hairspray



Ronel en Elma

074 185 9779

Mediese Sentrum, langes, Mad Fatter

Haarsalon - Lambertsbaai

Sandveld Perdryklub bied aan:

Steak-ete en Dans

Datum: 25 September 2015

Plek: Panorama Park, Lambertsbaai

Tyd: 18:30 vir 19h00 Drag: Jeans en Boots

Volwassenes: R100

Kinders: R50 (Burgers + Chips)

Navrae en Kaartjies: Elzaan Genis 078 741 4608

* Kaartjies moet vooraf

bespreek word

(Kontantkroeg)



GESOEK: WONING TE HUUR

Oktober tot November 2015

In Leipoldtville omgewing

Bianca Gersbach

072 461 7452

bmatthee@gmail.com



NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

ngkleipoldtville@mylan.co.za

Leraar:	Gemeentebestuurder	Koster:	Kassier:	Skriba:
Ds. Hennie de Kock	Elsabe Carstens	Carol Loubser	Corlia Carstens	Lida Slabber
Tel/Faks: 027 4122823	Tel: 027 422 1802	Tel: 027 422 1347	Tel: 027 4221030 (h)	Tel: 027 412 2331 (h)
Sel: 083 263 0099	Sel: 083 225 6536	Sel: 073 419 2820	Sel: 083 632 4284	Sel: 083 866 7760

Ten Slotte

As julle so na die nuusblad kyk, sal julle seker nie anders kan om ook soos ek te voel en net te sê: “Sjoe wat ‘n bedrywige maand en wat ‘n ongelooflike Leipoldt Kuierfees en alles wat daarmee saamgegaan het”. Goeie beplanning, harde werk deur ieder en elk, Sandveld hartsmense, genotvolle samesyn en natuurlik ‘n Elsabe Carstens was weereens die bestanddele van die Fees se suksesresepsie.

Hierdie jaar het ons vir die eerste keer met die gaskunstenaars, wat by die fees opgetree het, onderhoude gevoer. Ek het die jongspan van ons Gemeente genader om my daarmee te help en dit was vir ons almal groot pret en ‘n wonderlike ervaring! Ek is baie trots op Leipoldtville se tieners. Elkeen van hulle het hulle regtig baie goed van hul taak gekwyt.

‘n Spesiale woord van dank aan Marelise Birkenstock, Marlana du Toit, Lara Visser, Nina Visser, Carol Loubser, Jolanda Visser en Tania Prinsloo wat vir my van hul foto’s vir hierdie uitgawe geleen het.

Stuur asseblief enige voorstelle of nuus na: dieleipoldt@gmail.com

Redaktrise: *Karien O’Connell*

Redigering: Gideon van der Merwe